Belê só in skoolhoofde

Indien skoolhoofde nie beter gekeur en opgelei word nie, gaan dit sukkel om ander probleme in die Suid-Afrikaanse onderwys reg te ruk, skryf Neil Jansen.



Lede van die onderwysvakbond Sadou ten tyde van 'n staking. Sadou is gekant daarteen dat opgetree word teen hoofde van skole wat nie presteer nie. Foto: FELIX DLANGAMANDLA

Kort nadat die matriekuitslae vroeër vandeesmaand bekend gemaak is, het verskeie rolspelers hul stemme dik gemaak oor die resultate en hul kommer oor die relatiewe verswakking in die algemene slaagsyfer uitgespreek.

Intussen het Angie Motshekga, minister van basiese onderwys, gewaarsku dat daar "rampspoedige" gebiede in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel is.

In 'n toespraak voor onderwys-LUR'e en departementshoofde het sy onder meer gevra dat skoolhoofde wat nie presteer nie, onmiddellik afgedank word.

'n Groot dilemma waaroor bitter-min kommentators praat en waarmee die onderwysstelsel tans sit, is dat daar geen verpligte opleidingsprogram vir voornemende en huidige skoolhoofde in Suid-Afrika is nie. Verpligte psigometriese en of bevoegdheidstoetse word nie eens gebruik om die geskiktheid van skoolhoofde te toets nie.

Die benoeming en werwing van skoolhoofde word deur bestuursrade van skole hanteer, en dié rade maak dan aanbevelings aan die provinsiale onderwysdepartement.

Dit lei daartoe dat die werwing- en keuringsproses nie heeltemal betroubaar is nie en kan lei tot die aanstelling van onbekwame kandidate – met tragiese gevolge vir skole en gemeenskappe.

Hierdie situasie moet dringend aangepak word.

Eerstens is die rol van openbare skole van deurslaggewende belang vir 'n land soos Suid-Afrika.

Skrywers soos Ann Bernstein verklaar dat die verbetering van ons openbare skoolstelsel "van kritieke belang" is as ons lae ekonomiese groei en hoë werkloosheid wil oplos.

Goeie skole wat doeltreffend gelei en slim bestuur word, is die beginpunt om hierdie probleme in ons openbare skole die hoof te bied.

Tweedens is skoolhoofde se rol van kritieke belang om aandag aan die genoemde probleme te begin gee, want (a) die Suid-Afrikaanse regering het in die Nasionale Ontwikkelingsplan van 2011 die verbetering van skoolleierskap as een van die leemtes in ons openbare onderwysstelsel geïdentifiseer en, (b) verskeie onderwyskenners, soos prof. Jonathan Jansen, het al herhaaldelik beklemtoon dat die rol van skoolhoofde belangrik is om die gehalte van openbare skole te verbeter.

As ons na die huidige rol van skoolhoofde in Suid-Afrikaanse openbare skole kyk, sien ons hulle word in nege kernareas verantwoordelik gehou om resultate te lewer. Dit sluit onder meer in die basiese funksionaliteit van die skool, leierskap, bestuur en kommunikasie, verhoudinge, die gehalte van die onderrig en onderwyserontwikkeling, kurrikulumvoorsiening en hulpbronne, leerlingsprestasies, skoolveiligheid, sekerheid en dissipline, skoolinfrastruktuur, ouers en die gemeenskap.

Daar word van skoolhoofde verwag om te kan beplan, die bronne en infrastruktuur van die skool te kan bestuur, mense te kan lei en te bestuur en om goeie probleemoplossingsvaardighede te hê. Dit is veral die lei en bestuur van mense wat belangrik is om te help dat die skool in sy geheel suksesvol is.

Skoolhoofde moet ook met die skoolbeheerliggaam, die onderwysowerheid, ouers en die breë gemeenskap asook ander instansies soos die polisie skakel.

Die tipiese uitdagings waardeur die gemiddelde skoolhoof gekonfronteer word, vereis 'n goeie vlak van emosionele intelligensie. Al hierdie uitdagings en take verskil drasties van wat van die gemiddelde onderwyser verwag word.

Die aanname is ook dat die onderwyser wat later 'n skoolhoof word, outomaties al hierdie vaardighede sonder formele opleiding of intervensie kan opdoen.

Dié aanname is na my mening verkeerd. Hierdie vaardighede val nie sommer uit die lug nie maar moet doelbewus ontwikkel word.

Hier is 'n vyfpuntplan om die situasie te verbeter:

- In sewe van ons nege provinsies is daar universiteite met bedryfsielkunde- en/of sielkundedepartemente wat kan help om verpligte psigometriese en/of bevoegdheidstoetse 'n verpligte deel van skoolhoofde se werwing- en keuringsproses te maak.
- Die onderwysdepartement moet 'n verpligte, gesertifiseerde leierskap- en bestuursprogram implementeer vir alle aspirantskoolhoofde.
- Afrigting- en mentorskapsprogramme moet vir huidige skoolhoofde ingestel word om hulle te ondersteun en te help om die nodige kennis en vaardighede te kweek.
- Die private sektor behoort maatskaplike ontwikkelingsprogramme in te stel wat fokus op die verbetering van skoolhoofde se leierskap- en bestuursvaardighede.
- Instansies soos Partners for Possibility, wat reeds uitstekende werk verrig met hul program vir skoolhoofde, moet finansiële ondersteuning geniet.

Terwyl die verbetering van ons openbare skole nie oornag gaan geskied nie, kan aandag aan skoolhoofde se leierskap- en bestuursvaardighede die pas van verbetering aansienlik versnel.

Jansen is 'n menslike-hulpbron-bestuurder. Hy skryf in sy persoonlike hoedanigheid.